

Donderdag 9 November

Skrifgedeelte: Matteus 7:24-27

Fokusgedeelte: Matteus 7:24

Gehoorsaamheid verwag alles van Jesus!

As Jesus sy bekende Bergrede in die Evangelie volgens Matteus afsluit, dan leer Hy ons dat daar net twee maniere is waarop ons op sy woorde kan reageer. Die eerste opsie beskryf Jesus as verstandig en die tweede opsie beskryf Hy as dwaas.

Die hele Bergrede moet ons hoor en verstaan in Jesus se eerste woorde: “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is” (Matt. 5:3). Die eerste tree in die koninkryk van God in, is om met ’n verslae hart en met bedelaarshande by die kruis van Christus te staan.

Ek handel soos ’n *verstandige man* wanneer die Gees ’n hartsgesindheid in my vonk wat alles van Christus verwag. Ek besef dat as ek enigiets van waarde wil wees, moet God dit in Christus aan my skenk. ’n Christenskap wat die fel aanslae van die lewe kan oorleef, vra na ’n totale gehoorsaamheid aan Christus. Enige ander Fondament as “Christus alleen” gaan jou in die steek laat as die storms kom.

Ek handel soos ’n *dwaas* wanneer ek soos die kerkleiers van destyds, of Petrus in Galasiërs 1-2, dink dat my eie pogings, my eie nakoming van uiter-like “moets en moenies”, vir God by my in die skuld kan maak. So ’n Christenskap word deur elke nuwe stroom of storm van dwaalleer heen en weer geslinger.

Let op dat beide die verstandige man en die dwaas suksesvol ’n huis gebou het. Die groot verskil was die Fondament. “*N(n)iemand kan ’n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus*” alleen (1 Kor. 3:11).
Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)